Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

16 Augustus 2020

Woordverkondiging op Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos Facebookblad en YouTube kanaal.

09:30 OGGEND WOORDVERKONDIGING: Ds. Piet

Tema: Christus se kerk reageer nie op ‘n pandemie met die vraag: “waarom gebeur dit?” nie, maar met die vraag “wat gaan ons doen?”.

Die aangrypende geboorte, groei en ontwikkeling van die gemeente in Antiochië spreek baie direk tot die manier van ons kerkwees vandag. Hoe die Here die gemeente deur Geesvervulde gelowiges se werk gevestig het en, toegerus het sodat hulle tot geloofsvolwassenheid kon groei. Dis ook hier waar die gelowiges vir die eerste keer deur buitestaanders “Christene” genoem is omdat hulle getuienis oor Chirstus so helder en duidelik was.

Maar dis veral die gemeente in Antiochië se reaksie op ‘n wêreldwye katastrofe wat vandag ons aandag verdien! ‘n Wêreldwye hongersnood vind plaas en mense sukkel om te oorleef en sterf van die honger (amper net soos die wêreldwye COVID-19 pandemie vandag, wat die hele wêreld getref het!)

En wat doen hierdie gemeente? Hulle trek nie terug in ‘n oorlewingshouding net ter wille van hulleself en wonder die heeltyd “waarom gebeur dit” nie!

Hulle openbaar Christus se opofferende liefde vir mens in nood en vra: Wat kan ons doen? En dan maak hulle ‘n plan en voer dit uit om medegelowiges en daarmee sekerlik ook ander mense te help en aan die lewe te hou.

Is dit hoe ons en die kerke wêreldwyd vandag in die pandemie optree? Of staan ons op die kantlyn en vind allerhande redes waarom die die Here die ongelowige wêreld met die pandemie straf of watter ander redes ons ook al daarvoor probeer aandui?

Vooraf samesang
Ps 146-1: 1, 5, 8 en Ps 147-1: 1, 2

Skrifoordenking
Sing: Lied 169: 1, 2, 3; Gebed om seën;
Sing: Ps 145-2: 2, 3, 4, 5; Geloofsbelydenis: 12 Artikels

Verootmoediging: Wet uit Deut. 27: 9 – 26; Lees ook Galasiërs 3: 9 - 14; Sing:
Sb 1- 2: 2; Gebed;

Skriflesing: Handelinge 11: 19 - 30; Teksverse: 27 - 30;
Woordbediening;

Gebed ; Liefdegawes; Sing: Sb 114: 1, 2, 3; Gebed om seën.

GROEPBEDIENING

Kleingroepe moet asseblief weer van die geleentheid gebruik maak om op COVID-19-veilige-wyse bymekaar te kom.
Daar kom ook kleingroepe by die kerk bymekaar:

- 17:00 Groep 25 onder leiding van prof. Naas Ferreira.
- 18:00 Groep 35 en die jong Volwassenes saam met Erasmus Venter.

MEELEWING

- Mari Steyn (Groep 21 - 082 850 1706) se pa is op 95 jarige ouderdom oorlede. Ons bid hulle familie die troos van die Here toe.
- Joe Coetzee (Groep 1 - 083 647 5250) was weer in die hospitaal opgeneem vir behandeling van sy kanker en hy word nou tuis behandel.

Ons bid dat die Here beterskap, herstel, bemoediging en troos sal gee.

BAIE GELUK!

Elize vd Schyff se kleindogter, Nina vd Schyff het 4 eersteplekke in die “East State School interhouse athletics 2020 – girls 12 year age”! Ons is saam met ouma baie trots op haar!

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEWID

Bert Floor, Isak vd Walt, Magdaleen Venter, Koos Jooste, Lana Labuschagne en Annette Coetsee.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke kontak u ouderling of Adele (018 290 7690 / 082 532 8658) om die nodige reëlings te tref.

KATKISASIE LESPROGRAM

Hierdie naweek moet ouers en kinders asb. **Les 16** doen, vir volgende naweek doen ons Les 17.

PROGRAM VAN DIE WEEK

Vandag op Facebook en YouTube
09:30 Oggenddiens
Groepbediening

Maandag
18:00 Kersmark

Woensdag
19:00 Oudelinge Zoom-Blokvergadering
Blok C

Donderdag
18:00 Na-skooljeug Bybelstudie in Elim
19:00 Ouderlinge Zoom-Blokvergadering
Blok D

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 16 Augustus

Sr Barbara Coetzer	082 515 3838
Sr Cornè Geyer	082 469 7020

Maandag, 17 Augustus

Sr Ina Hattingh **(73)**	082 804 4861

Donderdag, 20 Augustus

Sr Rina Seyffert **(71)**	076 947 0677

Saterdag, 22 Augustus

Br Corrie du Plessis **(75)**	082 339 0060

BAIE DANKIE

Liewe broers en susters, ek het my Marlene op 27 Julie 2020 aan die dood afgestaan. Dit was n lang, lang siekbed gewees en haar dood op 'n jong ouderdom, van 70jr, weens gevorderde Alzheimers-siekte was 'n verlossing gewees.

Ek maak vandag van ons Dienelkander gebruik om aan elke broer en suster in ons wonderlike Oosdopper-gemeente, te bedank vir julle boodskappe van simpatie en ondersteuning wat ek en my familie ontvang het met die afsterwe van Marlene. Dankie vir julle drukkies, dankie vir julle voedsel en ander eet bederf wat hier by ons huis afgegee is. My dogters uit die Kaap en Pretoria en my familie uit Hoopstad het gevra dat ek ook hulle dankbaarheid aan almal oordra. Ons almal het Jesus se liefde en julle omgee hier in ons gemeente ervaar.

My dank aan Ds Piet vir sy ondersteuning en empatie met die huisbesoek en die troosdiens. Besondere dank aan ouderling Hans Malan en Lien en die bestuur en personeel van Samuel Broadbent tehuis vir hulle sorg en ondersteuning in hierdie tyd,

Groete Koos Jooste

KOLLEKTES

Wat beteken die woord kollekte?
Dit is ‘n versameling (van die Latynse: colligere “versamel”) – ‘n versameling van geld vir godsdienstige of liefdadigheidsdoeleindes, bv soos die insameling tydens of na ‘n erediens in die Christelike kerk.

Wat beteken die kollektes in die erediens?
By die kollekte in/onder die erediens gaan dit in die eerste plek om diens aan die Here. Lees Markus 12:41-44 (die arm weduwee se gawe) en ook 2 Kor 8:1-9 (Christelike vrygewigheid). Kollektes word gebruik vir die diakonie se barmhartigheidswerk. By die deure word die kollektes ingesamel en aangewend om die koninkrykswerk in die breë kerkverband te ondersteun.

Wie bepaal die kollektes?
Vir baie jare het Sinode op Sinode verskillende verpligte en ook vrywillige kollektes vasgestel vir ‘n drie jaar termyn. Kollektes word deur die verskillende Deputategroepe aanbeveel en deur die Sinode goedgekeur sodat Deputategroepe hulle opdragte kan uitvoer soos deur die Sinode aan hulle opgedra. Die keuse van kollektes is dus ‘n keuse waarby alle gemeentes direkte inspraak het.

Verpligte kollektes
Emeritaatsversorging (7)
Om die emerituspredikante, -weduwees en wese (afhanklikes) van die Gereformeerde Kerke met lewensonderhoud en mediese bystand eervol te help versorg.
Teologiese Studentekas (5)
Om studente wat aan die Teologiese Skool te Potchefstroom studeer, finansieel met beurse te help sodat die Gereformeerde leer uitgebou en verkondig kan word.
GKSA Sustentasiefonds (5)
Om kerke wat nie finansieel onafhanklik kan bestaan nie by te staan sodat die Woordverkondiging steeds daar kan voortgaan en om hulp te gee sodat die koninkryk van God deur Woordverkondiging kan uitbrei.
Bybelverspreiding (Borg ‘n Bybel) (1)
Om die Bybelgenootskap van SA by te staan met die druk en verspreiding van Bybels.
Kerklike Tydskrifte (1)
Om aktuele artikels met ‘n Gereformeerde grondslag te publiseer en na lidmate en ander belangstellendes teen ‘n billike prys te versprei. Kerklike Tydskrifte sluit in Die Kerkblad, die Gereformeerde Vroueblad en die Slingervel.
Ekumenisiteit Buitelands (1)
Om skakeling met ander Gereformeerde Kerke met wie die GKSA noue bande in die buiteland het, te bevorder, bv kerke in Europa, Australië en die Amerikas.
Jeugsorg (1)
Ter bevordering van deputate Jeugsorg se projekte.
Dankbaarheidsfonds (1)
Om dankbaarheid teenoor die Here te betoon dat Hy die Gereformeerde Kerke 150 jaar bewaar het en nog steeds bewaar en

versorg. Die opbrengs word as ‘n addisionele inspuiting bestem om die Emeritaat-versorgingstrust te versterk, kerke wat nie voldoende finansiële middelle het nie, te help en historiese geboue van die GKSA in stand te hou. Die kollekte ingesamel word teen die naaste Sondag aan 11 Februarie (stigtingsdatum van die GKSA).

Thusofonds (2)

Om die emeriti uit die jonger kerke (voormalige Sinode Middellande en Klassis Capricorn) te help versorg.

Expando (1)

Om ‘n sentrum vir bedieningstoerusting en begeleiding onder die toesig van die Kuratore en in samewerking met Fakulteit Teologie te vestig.

Vrywillige kollektes

Bystandsfonds vir Diakonie, KO, art. 25 (1)

Om predikante wat uit die bediening is (of afgesette predikante) en in nood verkeer te help.

Om boeke vir studiedoeleindes en naslaanwerke by die Jan Lion Cachet-biblioteek van die Teologiese Skool van Potchefstroom aan te koop. TSP Publikasiesfonds (1)

Om die publikasie van akademiese boeke vir die opleiding van teologiese studente en vir die bekendstelling van die Gereformeerde leer plaaslik en in die buiteland te steun.

Instituut vir Christelike onderwys [ICO] / lesmateriaal (1)

Bevordering onafhanklike Gereformeerde skole en onderwys.

Ekumenisiteit – Gereformeerde bediening in London (1) (slegs 1 jaar)

Om die Gereformeerde jeug wat in London verkeer met Woordbediening en pastorale hulp by te staan.

Kerklike Tydskrifte (1) (soos nodig)

Om aktuele artikels met ‘n Gereformeerde grondslag te publiseer en na lidmate en ander belangstellendes teen ‘n billike prys te versprei.

Teologiese behuising (1)

Hulp aan teologiese studente.

Ander kollektes

Op die jaarprogram van kerke verskyn daar ook nog ander kollektes, bv ‘n kollekte aan die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys of vir ander liefdadigheidsorganisasies in 3 jou gemeente se grense – kyk ‘n bietjie watter ander kollektes buiten die wat hier genoem word samel jou gemeente in.

Wie samel die kollektes in?

Dit vorm deel van die amp van die diakens. Lees die formulier van die bevestiging van diakens.

Hoe gaan ek weet watter kollekte Sondae ingesamel word?

Dit word aanbeveel dat die doel van die kollektes elke Sondag volledig afgekondig word. Dit sal verder baie nuttig wees as die kollektes wat op ‘n bepaalde Sondag opgeneem gaan word, reeds die vorige Sondag afgekondig word, of in die gemeente se nuusbriewe gepubliseer word. Volledige bekendmaking en voorafbekendmaking werk mee om lidmate te motiveer om mede-eienaarskap te neem/aanvaar vir ‘n bepaalde saak waarin elkeen geleentheid kry om deel te voel van die betrokke saak.

Wat gebeur met die kollekte nadat dit ingesamel is?

Alle verpligte en vrywillige kollektes word na dit ingesamel is deur die diakens getel en daarna aan die Administratiewe Buro in Potchefstroom oorbetaal waar dit aangewend word vir die doel waarvoor die kollekte ingesamel word.

ADMIN BURO:
ELEKTRONIESE REKENINGE

Hiermee ‘n vriendelike versoek dat intekenare van die GKSA se kerklike tydskrifte asseblief hulle e-posadresse moet aanstuur na:
lois@gksa.co.za of tydskrifte@gksa.co.za

Omdat rekeninge maandeliks uitgestuur word, sal dit minder tydrowend wees indien ons die rekeninge kan e-pos.

Voorletters en Van
Rekeningnommer
[Kerkblad/Vroueblad/Slingervel]:
E-posadres:

"BLACK LIVES MATTER" - IN DIE LIG VAN DIE SKRIF DEEL 2 (volgende Sondag)

ALGEMENE INLIGTING:

WOW-HERWINNINGSPROJEK (WEN ONS WêRELD)

Maak gerus weer gebruik van ons herwinningshok in kantoor-ure of kry by Adele die elektroniese hek se kode om self toegang tot die terrein te kry.

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

ZAPPER (Selfoon toepassing)
Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KOLLEKTES VIR KERKVERBAND

Al die gemeentes in die kerkverband dra ook kollektes af vir besondere behoeftes in die kerke. Vandag se kollektes is vir die **Teologiese studentekas.**

SOSIALE MEDIA VIR ONS GEMEENTE

WhatsApp: GK Potch-Oos nommer: 067 713 2332
Webblad: www.oosdoppers.co.za
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers

Videos van elke erediens kan hier gesien word: Facebookblad: Geref Kerk Potch-Oos
Videos van preke by: http://ow.ly/ivfZ309vsdc

Ds. Piet stuur weekliks sy preke per e-pos uit. Laat weet hom indien jy dit wil ontvang.

KONTAKBESONDERHEDE: PREDIKANT, HULPDIENS, KANTOOR EN KOSTER

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt - 082 851 3637
Erasmus Venter - 072 154 9410
Kerkkantoor: Adele - 018 290 7690 / 082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl - 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Bank
Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 632-005

Diakonie
ABSA Bank
Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 632-005

Susters
Capitec Bank
Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470-010

SUSTERS IN DIE GELOOF

Intimiteit met God

Laat my gebed soos reukwerk voor U aangesig staan, die opheffing van my hande soos die aandoffer.
Psalm 141:2

Sustersbydrae

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry asook die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

Blikkies-warmharte

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. ***Baie dankie vir julle getroue bydraes!***

Maak gerus steeds vir ons kleingeld bymekaar in enige blikkie / sakkie tot jou beskikking.

Kansa-projek

CANSA
Cancer Association of South Africa
Research • Educate • Support

Liewe suster, soos jy reeds weet ondersteun ons gemeente jaarliks vir KANSA. Ons wil steeds hierdie jaar probeer om hulle te ondersteun. Indien jy, familie of vriende tot hierdie projek wil bydra kan jy gerus jou donasie aan die kerk oorbetaal met verwysing "KANSA" sodat ons weet om die geld aan hulle oor te betaal.

KAMEELDRIFT DAMESOGGEND 2020

"Genadegee" in Grendeltyd ten bate van:
President Kruger Kinderhuise

Die Gereformeerde Kerk Kameeldrift kan in die Covid-19-jaar nie die 18de jaarlikse Damesoggend-tee aanbied nie.
Die kinderhuise het die geld nou meer as ooit nodig!
Hoe nou gemaak?
Ons gee sonder om te ontvang…….
Ons vra vir jou baie mooi:

1. ***Koop 'n "denkbeeldige" donasiekaartjie (R190) en betaal dit in die susters se rekening***
   of
2. ***Gee 'n donasie van R190 of meer en betaal dit in onderstaande rekening***
   EN
3. ***Sit 'n bod in op die veilingitems en gee dit deur aan Lizanne Aucamp op persoonlike WhatsApp voor 21 Augustus.***

Die Virtuele Zoom-veiling vind plaas op 22 Augustus om 11:00, op die hoogste bod wat dan ontvang is.
<u>Items op veiling:</u>

- *Licorna Beach, Umhlanga: 7 nagte buite seisoen*
- *Ocean Breeze Hotel, Strand: 7 nagte binne seisoen / 7 nagte buite seisoen*
- *Wakkerstroom, Vleiland-vakansiehuis: 5 nagte binne/buite seisoen*
- *Italië, Cortona, Via Ghini: 7 dae vir 4-6 mense plus retoer vliegkaartjies vir 2*
- *Ronde mat (1555cm) van Anna Produksies*

(Fotos van alles is beskikbaar by Lizanne Aucamp)

<u>Bankbesonderhede:</u>
Susters Geref Kerk Kameeldrift
ABSA-rekeningnommer: 143 081 0088
Verwysing: Jou naam en 70

<u>Kontakbesonderhede:</u>
Lizanne Aucamp: 084 555 1890 / aucamp.lizanne@gmail.com of
Adele in kerkkantoor (018 290 7690)

VERKENNERS KEER TERUG UIT KANAäN; OPSTAND DREIG



KADES (PARANWOESTYN). - Pandemonium het gistermiddag laat by die volksvergadering van die Israeliete uitgebreek toe die leiers wat die land Kanaän gaan verken het, aan die volk verslag gelewer het. Die opstand het ontstaan toe die meeste verkenners gesê het dit is onmoontlik om die land in te neem.

Die twaalf leiers is bykans sewe weke tevore deur Moses uitgestuur om die land Kanaän te gaan verken. Hulle het gister teruggekeer.

Die manne was dit eens dat die land inderdaad baie vrugbaar is. Om hulle berig te staaf, het hulle vrugte saamgebring, onder andere 'n druiwetros wat so groot is dat twee mans dit aan 'n stok moes dra! Oor die inneembaarheid van die land was daar egter nie eenstemmigheid nie. Josua, seun van Nun, en Kaleb, seun van Jefunne, is vol vertroue dat hulle die land sal kan inneem. Die ander tien verkenners is egter nie so optimisties nie. Hulle wys daarop dat die inwoners van die land gedugte teenstanders is en boonop in groot, versterkte stede woon. Daar woon selfs reuse, vermoedelik afstammelinge van die Enakiete.

Toe die volksvergadering hierdie berig hoor, het daar pandemonium uitgebreek. Die volk het in verset teen Moses en Aäron gekom en hulle uitgeskel. Hulle wou met alle geweld 'n nuwe leier kies wat hulle na Egipte kon teruglei. Toe Josua en Kaleb tussenbeide probeer tree, het die opstandige skare gedreig om hulle met klippe dood te gooi.

Teen druktyd gisteraand was die vergadering nog aan die gang en dit het in daardie stadium nie gelyk of die saak vreedsaam opgelos sal kan word nie.

Lees hiervan in Num. 13 en 14